higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N530**(A)**(J7)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N6

(Eerste Vraestel)

(10010556)

7 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

BENODIGDHEDE: **VYF velle A4 tikpapier (nog meer moet beskikbaar wees vir rofwerk).**

Kandidate moet AL die vereistes en kunsmediums wat in Modetekeninge gebruik word na die eksamenlokaal bring.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 4 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N6
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: 50 punte
   AFDELING B: 50 punte
   GROOTTOTAAL: 100 punte

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Maak sketse van AL die tekeninge op die tikpapier wat voorsien is en plak dit in die ANTWOORDBOEK.

5. Die croquis wat in BYLAE A en BYLAE B voorsien is, mag gebruik word.

6. BYLAE C en BYLAE D bevat die instruksies vir die TWEEDE VRAESTEL en moet sorgvuldig bestudeer word voordat die TWEEDE VRAESTEL 'n paar dae later geskryf word. Moet NIE hierdie afdeling tydens hierdie eksamen beantwoord nie.

7. Begin elke antwoord op 'n NUWE bladsy.


8. Skryf netjies en leesbaar

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Identifiseer die aangeduide toekomstighede en besonderhede op die kledingstuk hier onder deur die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.



(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Weerstandskleurmetode waarvolgens was aangewend word op die areas wat nie gekleur moet word nie, word … genoem.

1.2.2 'n Plat skets in die klerebedryf word genoem … .

1.2.3 Batik is 'n weerstandskleurmetode. Was word dikwels aangewend met 'n tradisionele Javaanse gereedskap wat 'n … genoem word.

1.2.4 'n Storiebord wat die ontwerpers inspireer word 'n … genoem.

(4 × 1) (4)

1.3 Noem die tipe sketse waarvan kleur- en materiaalmonters van die vereistes is. (1)


1.4 Skep die volgende geskikte bykomstighede om die uitrusting hier onder te komplementeer:

1.4.1 Hoed

☺

1.4.2 Handsak

(5 × 2) (10)



☺

[25]

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae oor internasionale ontwerpers.

2.1.1 Watter ontwerper het in 1954 die H-lyn bekendgestel? ☺

2.1.2 Watter ontwerper het in 1934 glaskleedstof in haar ontwerpe gebruik?

2.1.3 Watter ontwerper het vroue uit die S-draai Eduardiaanse silhoeët forseer?

2.1.4 Wat is Yves Saint Laurent se eerste openbare versameling genoem?

2.1.5 Watter Italiaansgebore ontwerper het in 1975 sy maatskappy in Milaan gestig?

(5 × 1) (5)

2.2 Beantwoord die volgende vrae oor Suid-Afrikaanse ontwerpers:

2.2.1 Onder water etiket ontwerp Anthula Markowitz klere? (1)

2.2.2 Watter ontwerper het die eerste ontwerpersboetiek in Suid-Afrika geopen? ☺ (1)

2.2.3 Beskryf Fred Eboka se tipiese kliënte. (2)

2.2.4 Watter ontwerper het die Fair Lady Fashion Award DRIE keer gewen? (1)

2.3 Noem VIER tipes toerusting wat nodig is om linosneedrukwerk te doen. (4)

2.4 Gee VYF voorbeelde van gereedskap en materiaal wat in syskermdrukwerk gebruik word. ☺ (5)

2.5 Noem VYF verskillende soorte gereedskap en materiaal vir stensilwerk. (5)

2.6 Noem EEN soort materiaal wat geskik is vir materiaaldrukwerk. (1)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Maak 'n produksietekening van die uitrusting in die skets hier onder. Toon slegs die vooraansig van alle kledingstukke wat die model dra. Hou AL die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte.



☺ (25)

3.2 Maak 'n voorstellingstekening van 'n vrou wat die uitrusting hier onder dra. Toon die vooraansig van die kledingstuk in volkleur en sluit die ☺ bykomstighede wat met die uitrusting gedra word in. Hou AL die vereistes vir 'n goeie voorstelling in gedagte.




☺ (25)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100


Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou

BYLAE B



BYLAE C

INSTRUKSIES VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

1. Gebruik die tema in BYLAE D om genoeg inligting in te win vir die TWEEDE VRAESTEL se eksamen wat later sal volg.

2. Vir die TWEEDE VRAESTEL word kandidate toegelaat om AL die geskrewe inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, afwerkings, tydskrifprente en ander noodsaaklikhede na die eksamenlokaal te bring ten einde 'n stel modeborde en sketse oor die gegewe tema te voltooi.

3. Tydens die eksamen van vyf uur moet kandidate 'n inspirasiebord en/of 'n ontwikkelingsblad en/of voorstellingsbord en/of produksiesketse en/of bykomstighedebord oor die gegewe tema maak. Die spesifieke sketse sal aan die begin van die vyfuureksamen aan hulle gegee word.

4. Let wel dat kandidate NIE enige modesketse of modeborde na die eksamen-lokaal mag neem nie. ALLE sketse moet tydens die vyfuureksamenperiode gemaak word.

5. Die vraestel bestaan uit DRIE vrae insluitende DRIE verskillende soorte sketse of borde oor die gegewe tema. Elke vraag of modebord/-skets sal 100 punte tel. Die totaal van die tweede vraestel is 300 punte.

Kopiereg voorbehou

BYLAE D

INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPTEMA VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

Gebruik die tema SUID-AFRIKA MY LAND as inspirasie vir 'n nuwe modetendens en ontwerp 'n reeks eksotiese damesuitrustings vir die jong Suid-Afrikaanse vrouemark. Die reeks moet 'n samesmelting van die verskillende kulture in Suid-Afrika wees.

Versamel inligting, materiaalmonsters, tydskrifprente en ander noodsaaklikhede oor hierdie tema om in die vyfuureksamen wat oor 'n paar dae geskryf sal word, te gebruik.

MOENIE enige modesketse of modeborde tydens jou voorbereiding maak nie. ALLE tekeninge en modeborde MOET TYDENS DIE FORMELE EKSAMEN gemaak word. Die tipe sketse wat jy moet maak, sal op die dag van die eksamen aan jou gegee word.

Jy sal toegelaat word om AL die inligting wat jy versamel het na die eksamenlokaal te bring, maar GEEN modesketse sal toegelaat word nie. 'n Croquis sal voorsien word.

Jy moet jou eie tekenpapier en karton vir die tekeninge voorsien. Borde sal nodig wees om finale modeborde af te rond. Dit moet A3-grootte wees en die kleur moet die reeks komplementeer om dit professioneel te laat lyk.

Netheid en aanbieding is belangrik en moet in gedagte gehou word.

LET daarop dat jy alles moet saambring wat jy nodig sal hê om die vrae te beantwoord. Dit sluit in tekenpapier, karton, kleurmediums en AL die versamelde inligting en noodsaaklikhede wat gebruik kan word om jou werk so professioneel moontlik af te rond. Elke kandidaat moet ook EEN GROOT A3-KOEVERT saambring om al die borde en sketse wat tydens die eksamen gemaak is in te sit

Kopiereg voorbehou